

# SPINNEKOP-STORIES

C. Pieterse

Praat van spinnekoppe en almal ril en gril. Wat ook al die oorsaak van die antagonisme is, spinnekoppe is nie almal se maat nie. Alhoewel ...


Hoe sou u voel om 'n spinnekop as troeteldier aan te hou. Banaal? Dit blyk nie die geval te wees nie, want mense is selfs bereid om te betaal om 'n agtpotige troeteldier te bekom. Vir 'n bobbejaanspinnekop is daar al tot soveel as R50 opgedok. Eienaars reken dat jy net so lief vir so 'n diertjie kan word as vir 'n hond of kat.

Daar is 'n gesegde wat lui — "if you wish to live and thrive, let the spider run alive". Was dit dalk hierdie gesegde of iets soortgelyks wat in 1936 daartoe gelei het dat 'n Londense verkeersman die verkeer tot halt roep toe 'n redelike groot huisspinnekop die pad kruis. Die bestuurders en voetgangers het na bewering die insident heeltmaal gedweë aanvaar sonder enige klagtes.

Dan is daar ook nog die legende van Arachne, die Griekse meisie wat 'n uitstekende weefster en spinster was. Mense en diere het van oral gekom om haar pragwerk te aanskou. Arachne het toe begin spog oor haar werk en al die aandag wat sy as gevolg daarvan gekry het. Sy het selfs geredeneer dat sy 'n beter kunstenaar is as Athene, die godin van wysheid en kuns. Athene was woedend en het Arachne gewaarsku dat so 'n opmerking vir haar baie gevaar kan inhou. Arachne wou egter nie luister nie en die godin het besluit dat hulle 'n weefkompetisie sou moes hou om Arachne op haar plek te sit. Ongelukkig moes die godin toegee dat Arachne se werk baie mooier as hare was en uit woede en jaloesie het sy Arachne se pragtige tapisserie in stukke geskeur. Arachne se hart was gebreek en sy het probeer selfmoord pleeg. Athene het haar egter gekeer en in 'n spinnekop verander sodat sy vir die res van haar lewe kon spin en weef.

Daar is nog verskeie stories en gelowe oor spinnekoppe. Tot so laat as die agtiende eeu het mense die Gewone huisspinnekop, *Tegenaria domestica*, gebruik om malaria en ander siektes te genees. Die manier van inname was om 'n spinnekopsmeer te maak, dit op brood te sit en vinnig weg te sluk.

Sou 'n persoon aanhoudend hoes, is 'n spinnekop bokant die kop van die pasiënt gehou, terwyl die pasiënt dan aanhoudend "spider as you waste away, whooping cough no longer stay" resiteer. Die lewendige spinnekop word dan in 'n papiersak geplaas en wanneer dit uitgedroog het, is daar geglo dat die hoes ook genees sou wees.

Almal van ons ken ook die rympie: "Little Miss Muffett, sat on her tuffet, eating her curds and whey. There came a big spider that sat down beside her and frightened Miss Muffett away." Hierdie insident het blykbaar werklik plaasgevind. Miss Muffett was die dogter van ene dr. Thomas Muffett wat sowat 300 jaar gelede in Engeland gewoon het. Hy was nie net 'n mediese dokter nie, maar ook 'n natuurkundige met 'n besondere voorliefde vir spinnekoppe. Hy het onder andere vas geglo dat mense wat spinnekoppe in hul huise toelaat, nooit probleme met jig sou hê nie. 

Is daar nie dalk een of ander geneeskundige deurbraak in al die stories opgesluit nie? Of is die genesing van een of ander kwaal 'n te "duur" prys om te betaal as die voorskrif sê jy moet 'n spinnekopsmeer drie maal per dag saam met jou brood neem?

## BIBLIOGRAFIE

PRESTON-MAFHAM, R. 1984. *Spiders of the world*. Dorset: Blandford Press.

YATES, J.H. 1968. *Spiders of southern Africa*. Cape Town: Cape & Transvaal Printers Ltd.



In die Transvaal is wetgewing onlangs afgekondig dat geen bobbejaanspinnekoppe sonder 'n permit aangehou mag word nie, vir watter rede ook al. Die spinnekoppe is baie gesog as troeteldiere en word om die rede in groot getalle gevang en teen hoë pryse te koop aangebied.

### SPINNEKOP-KLUB

Enige persoon wat in spinnekoppe belangstel, kan by die **Spinnekop-klub van suidelike Afrika** aansluit. 'n Kwartaallikse nuusbrief word uitgegee en uitstappies word gereël. Skryf gerus aan:

Die Spinnekop-klub van Suidelike Afrika  
Posbus 8112  
Parkhurst  
2120



---

## AMERICAN ENTOMOLOGIST VISITS MUSEUM



Dr Bob Kimsey, a medical entomologist from the University of California, Davis, paid a brief visit to the Department of Entomology in January. He represented the R.M. Bohart Museum of

Entomology and whilst in Bloemfontein future cooperation and specimen exchange between the two museums were discussed.